GRAAD 12 GEDIG 9

# Die nuwe kind – Pieter Strauss

## A INLEIDING

In die eeste jare ná 1994 het kinders stelselmatig *(systematically)* daaraan gewoond geraak dat swart, wit en bruin kinders saam skoolgaan. Aan die begin was dit maar moeilik, omdat apartheid mense kunsmatig *(artificially)* van mekaar af weggehou het en daar nog baie vooropgestelde *(predetermined)* idees was oor hoe en wat ’n wit kind en ’n swart kind was. Bowendien is ’n nuwe kind in die skool maar altyd vreemd en eenkant tot hy/sy maats gemaak het.

Die kind handel oor ’n nuwe kind , Hector Sobukwe, wat ’n swart seun is en na ’n blanke (wit) skool moet gaan. Hierdie kind voel soos ’n buitestaander *(outsider)* – die blanke kinders voel geskok omdat dit vir hulle ná die aflegging *(ending)* van apartheid ’n verskynsel *(phenomenon)* is waaraan hulle nie noodwendig *(necessarily)* al gewoond was nie.

**Agtergrond oor die naam Hector Sobukwe:** Dis ’n bekende voornaam *(firstname)* en ’n bekende van *(surname)* wat ons in een denkbeeldige *(imaginary)* persoon teëkom. **Hector** Pietersen se naam is sinoniem *(synonymous )*met die 1976-opstande in Soweto teen apartheid. Hy was net 13 jaar oud toe hy in daardie opstande deur die polisie doodgeskiet is.

Robert **Sobukwe** was ’n politikus en stigter *(founder)* van die Pan African Congress, wat apartheid wou beëindig. Sobukwe het ’n baie sterk persoonlikheid gehad en het as kragtige spreker mense geïnspireer om in ’n toekoms te glo en daarna te streef *(to believe in and strive for a future*).

## B GESELS

1. Hoe tree julle teenoor nuwe leerlinge in die skool of in die klas op?
2. Is daar dinge waarop julle kan verbeter? Bespreek dit.

## C ONTLEDING

1. **Alliterasie:** “**k**ind hier in ons **k**las” (versreël 2).
2. **Assonansie:** “s**oo**s dit h**oo**rt” (versreël 9).
3. **Inversie/omgekeerde woordorde:** Versreëls 9 en 10: “Uit ’n Tupperware-bakkie, soos, dit hoort/eet jy pouses jou snytjies brood.”
4. **Metafoor:** “Ons oë pen jou in jou spore vas.” (versreël 1).
5. **Binnerym (assonansie):** “in die kunskl**a**s word jou pen ’n m**a**s”.
6. **Wending:** “maar” (versreël 21)
7. **Tema:** vooroordele *(prejudices)* teen mense wat van ons verskil.
8. **Stemming:** Vertellend
9. **Uiterlike bou:** Vier kwatryne met ’n vaste ritme en **paarrym**. **Alliterasie** en **assonansie** bind die gedig verder.

10. **Innerlike bou:** Daar is **progressie**, want dit begin by die nuwe kind se aankoms *(arrival)* en die verloop van die dag, asook sy aanpassing *(adjustment)* by die nuwe skool. Dit alles gebeur deur die loop van die dag (*during the course of the day)* .
11. **Titel:** Die titel sê hoe die leser die inligting moet interpreteer. Die gedig handel oor ’n nuwe leerling in ’n blanke skool en die moontlike veroordeling *(prejudice)* en ongemaklikheid tussen hom wat ’n swart leerling is en die ander blanke leerlinge. Dit gaan oor die feit dat ’n nuwe skool reeds ongemaklikheid veroorsaak *(cause discomfort)* én die feit dat sy velkleur dit moeiliker maak.

**12.** **<u>STROFE 1:</u> Kontras:** “ons” (blanke leerders) en “jou/jy” (swart leerder) wat ’n nuweling en buitestaander is.
**Metafoor:** die “ons” staar na hom en “’pen” hom vas. Versreël 1 eindig met ’n **dubbelpunt** om versreël 2 te beklemtoon – hulle staar na die nuwe kind. Daar is weer die onderskeiding tussen die “ons” en “jy”: die nuwe kind is die buitestaander , want hy dra nie sý skooldrag (uniform) nie, maar “óns skooldrag” en hy staan by “óns meneer”. Maar hy staan nie uit tussen die ander kinders nie – sy voorkoms *(appearance)* is presies soos die skoolreëls sê dit moet wees.
Om aan te sluit by die gedagte van skool en die skoolreëls is daar presiesheid in die **ritme en rym**: **paarrym**, en ook **<u>p</u>**- en **<u>k</u>**-alliterasie (versreëls 1 en 2), **herhaling** van “ons” en **<u>ee</u>**-assonansie in “r**eë**ls gesk**ee**r” (versreël 4).

**13.** **<u>STROFE 2:</u>** Die hele klas luister goed na sy naam en besef dat hy nie voor op die wa is nie; hy is skaam omdat hy “bedees” *(bashful)* is. Hy antwoord nie hardop nie, maar knik net sy kop en gaan sit in sy bank sonder groot geraas of om enigiets te sê. Die **aanhalingstekens** suggereer dat die onderwyser sy naam vir die klas sê en beklemtoon daarom sy naam.
**Klankherhaling:** **<u>h</u>**-alliterasie (versreël 5), **<u>k</u>**-alliterasie (versreël 6), herhaling van die **<u>b</u>**- en **<u>d</u>**-klank (versreël 7) en **<u>s</u>**-alliterasie en **<u>i</u>**-assonansie (versreël 8).
**Progressie**: die “nuwe kind” praat eers voor in die klas met die onderwyser en loop dan na sy bank.
**Inversie/omkering van woordorde**: Versreëls 7 en 8: ons sien die woord “bedees” eerste raak en die woord “bedank” staan in die ymposisie – albei is belangrike woorde.

**14.** **<u>STROFE 3:</u> Inversie** sorg dat die leser die twee gedagtes in versreël 9 dadelik raaklees. Die leerders hou hom nog goed dop en sien hoe hy sy broodjie, soos almal, eet. Die leser besef dan dat al lyk en tree hy op *(behave)* soos die ander leerders, hy nog nie maats gemaak het nie, hom eenkant hou.
**Wending:** “maar” (versreël 11). Dit begin ook die sin wat sê dat hy nog nie maats het nie.
**Meervoud** van “pouses” (versreël 10) sê dat dit meer as een keer gebeur.
“alleen” word tussen twee kommas geplaas – dit beklemtoon die feit dat hy nie deel van die groep vorm nie. Die leser word gedwing *(forced)* om voor en ná die woord te rus.
**Enjambement** verbind ook versreëls 11 en 12.
Die **<u>ee</u>**-assonansie (versreël 11) help om die woord “alleen” te beklemtoon.
Die **<u>aa</u>**-assonansie (versreël 12) beklemtoon dit verder.

**15.** **<u>STROFE 4:</u>** **Invers**ie: Versreël 13 begin met "In die kunsklas" – dit is die nuwe leerder se passie, sy ontsnapping *(escape)* uit hierdie wêreld van leerders wat hom aanstaar.
**Binnerym:** "kunsklas" en "mas" (versreël 13) beklemtoon dit.
Die strofe is 'n **metafoor** wat sy ontsnappings-roete *(escape route)* beskryf: met sy pen/kwas kan hy pragtig beskryf wat in sy hart ("ribbekas") is en kan hy in sy verbeelding *(imagination)* wegvaar en oor die toekoms droom.
**Alliterasie:** Die **<u>w</u>**-alliterasie (Versreël 15) en **<u>v</u>**-alliterasie beklemtoon die kernwoorde.
Die **ellips** aan die einde voer "Die nuwe kind" se drome verder.

## D <u>WOORDVERKLARINGS</u>

1. **Bedees** *(timid, shy)*: skaam, teruggetrokke
2. **Hys** *(hoist)*: 'n mens hys 'n vlag of 'n boot se seile wanneer hy dit na boontoe trek
3. **Koningskind**: 'n baie mooi kind, kind van koninlike afkoms *(royal descent)*
4. **Kunsklas** *(art class)*
5. **Mas** *(mast,pole)*: 'n lang regopstaande paal op 'n boot/skip onder andere die touwerk en seile
6. **Self die mas opkom** *(he is left to his own resources)* self, alleen regkom
7. **Skooldrag:** univorm
8. **Tupperware:** handelsnaam vir lugdigte houers *(airtight containers)*
9. **Vaar … weg** *(sail away)*